**GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS: DISTRIK D7 & D16**

# AFRIKAANS HUISTAAL

**VRAESTEL 1**

**GRAAD 10**

**JUNIE 2017**

**PUNTE: 70** **TYD: 2 uur**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en –konvensies | (30) |

2. Beantwoord al die vrae.

3. Begin ELKE vraag op ‘n NUWE bladsy.

4. Trek ‘n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ‘n rëël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

## Wees wakker en vermy wolhaarnuus

*Mej. Suid-Afrika met kokaïen van 2 kg op lughawe in hegtenis geneem."" "Dronk Hillary Clinton maak moles."Robert Mugabe sterf.."*

1 Hoeveel mense sal nie op webstories met sulke opskrifte wil kliek of sulke "nuus"-brokkies met hulle vriende in die sosiale media wil deel nie?

2 As jy dit al gedoen het, het jy in een van die kuberruim se vele valsnuusstrikke getrap. Want feitlik geen woord daarvan is natuurlik waar nie. Die sogenaamde *fake news*, oftewel fopnuus, word saamgeflans om munt te slaan uit niksvermoedende lesers se goedgelowigheid. Geld is een van die vernaamste dryfvere van die toenemende verskynsel van vals nuus, want hoe meer kere sulke bognuus gedeel word, hoe meer mense sal daarop klik. En dit kan groot advertensiegeld vir webtuistes met fopnuus beteken.

3 Maar daar is ook ander, onheilspellende beweegredes om vals nuus te skep, soos om twyfelagtige politieke oogmerke te bevorder of selfs jou teenstanders daardeur te vernietig.

4 Intussen maak die wolhaarstories wat blitsig aanlyn versprei nie, net 'n klomp kuberkonkelaars ryker nie; dit kan boonop 'n beduidende invloed hê op hoe lesers op plaaslike en wêreldgebeure reageer, sê kenners.

5 "Mej. Suid-Afrika 2016 met 2 kg kokaïen op Heathrow-lughawe aangekeer," het die opskrif gelui van die berig wat oorspronklik verskyn het op die fopnuuswebtuiste *te1egraph.co.uk* (let op sy syfer "1" pleks van die letter "l"). Dié naam is 'n goeie voorbeeld van die sogenaamde *typosquatting*, wanneer iemand doelbewus 'n domeinnaam registreer wat byna dieselfde is as 'n bekende handelsmerk, in dié geval die gesaghebbende Britse koerant The Telegraph s'n. So kan internetgebruikers dan maklik op die webtuiste met vals nuus beland, pleks van die ware Jakob.

6 Intussen word gegis of vals nuus pres. Donald Trump van Amerika in November die verkiesingsveldtog help wen het. Navorsing het getoon die 20 gewildste vals verkiesingstories is baie meer op Facebook gedeel as egte verkiesingsnuus van geloofwaardige nuusmedia. En die meeste van hierdie vals stories was ten gunste van Trump en anti-Hillary Clinton, sy teenstander. Wolhaarstories soos "Pous steun Trump se Withuis-veldtog" en "FBI-agent in Hillary se e-posskandaal dood aangetref" is binne 'n paar dae miljoene kere gedeel.

7 Minstens 100 vals nuuswebtuistes oor die Amerikaanse politiek is vanuit die dorp Veles, in die staatjie Masedonië, in Suidoos-Europa bedryf. In die meeste gevalle was dit tieners wat bloot wou geldmaak deur te kyk hoeveel trefslae pro-Trumpberigte sou kry.

8. Vals nuus "hou ernstige gevolge in vir die publiek wat betroubare inligting nodig het om belangrike besluite oor hulle lewe te neem, soos vir wie om te stem." sê dr. Glanda Daniels, senior lektor in mediastudies aan die Universiteit van die Witwatersrand.


9 Arthur Goldstuck, besturende direkteur van World Wide Worx sê: "Dit wek groot kommer wanneer nasionale leiers vals nuus legitimiteit gee, want dan het almal skynbaar die reg om dit as die waarheid te versprei."

10 "Die internet bied sommige mense 'n gevoel van mag wanneer hulle vals nuus versprei waarop ander mense reageer", sê dr.Denise Bjorkman, 'n Johannesburgse kenner in gedragsielkunde. "Sommige skeppers van vals nuus voel ook die lewe het hulle stief behandel óf iemand óf 'n groep het hulle te na gekom. Hulle span dan vals nuus in om wraak te neem", verduidelik sy.

11 "Navorsing toon baie mense bevraagteken nie juis wat hulle aanlyn lees nie. Hulle beskou sosiale medianetwerke, soos Facebook, as betroubare bronne omdat die inligting van 'n "vriendekring" kom wat hulle vertrou", sê Denise. "Daarby is mense geneig om voorkeur te gee aan inligting wat met hulle bestaande denkwyse en vooropgestelde idees strook." Sosiale medianetwerke word hoeka as 'n eggokamer of – borrel beskryf: mense is meer geneig om met eendersdenkendes vriende te wees en hoofsaaklik met dié vriende inligting te deel wat hulle graag wil hoor.

[Aangepas uit *Hier volg die nuus…of nie?* Deur Richard van Rensburg en Jane Vorster. Huisgenoot 16 Maart 2017]

**TEKS B VISUELE TEKS**


Jorik+Jakkals
DEUR DANIËL
HAAI JULLE!
LEON SCHUSTER IS DOOD!
EN MEJUFFROU SUID-AFRIKA IS MET 2kg KOKAÏENE GEVANG!
2
DIE DAG DAARNA STUUR DIE SEUN SOMMER BAIE TWIETS UIT: "VLUGTELINGE = WOLWE", "MY HANDE IS BAIE GROOT", EN "KLIMAATSVERANDERING IS 'N KLUG!"
3
WEER RUK DIE MENSE OP OM MET DIE SEUN TE RAAS. MAAR TEEN HIERDIE TYD HET HY SO BAIE LEUENS GETWIET, DIE MENSE WAS SOMMER DEURMEKAAR.
4
MOENIE SO LIEG NIE, JORIK. DIS VALSE NUUSSTORIES.
5
EK LIEG NIE! EK GLO NET MISKIEN IN ALTERNATIEWE FEITE!
EN SO:
6
KOM EK LEES VIR JOU EEN VAN ESOPUS SE FABELS: "DIE SEUN WAT WOLF GESKREE HET."
AS JY MOET.
7
EENDAG WAS DAAR 'N SEUN WAT 'N SKAAPWAGTER WAS. "EK PAS BAIE SKAPE OP", TWIET DIE SEUN. "DIE MEESTE OOIT. ONTELBAAR BAIE SKAPE. REGTIG, GLO MY."

## VRAE: TEKS A

1.1 Herlees die opskrif.

1.1.1 Watter tegniek gebruik die skrywer om die waarskuwing te beklemtoon? (1)

1.1.2 Hoe sluit die subopskrif by die opskrif aan? (1)

1.1.3 Gee DRIE sinonieme vir wolhaarstories wat in die artikel gebruik word. (3)

1.2 Wat is die funksie van die vraag in paragraaf 1? (1)

1.3 Waarom staan "nuus" in "nuus""-brokkies in paragraaf 1 in aanhalingstekens? (1)

1.4 Wie word almal bevoordeel deur die verspreiding van vals nuus? (4)

1.5 Fopnuus word saamgeflans om munt te slaan uit niksvermoedende lesers se goedgelowigheid.
Wat beteken dit om munt te slaan uit iets? Wat beteken dit om goedgelowig te wees? (2)

1.6 Dit is maklik om op 'n webtuiste met vals nuus te beland. Motiveer hierdie stelling. (1)

1.7 Watter bewyse bestaan dat vals nuus pres. Donald Trump moontlik kon help om die verkiesing te wen? (2)

1.8 Haal drie opeenvolgende woorde in paragraaf 5 aan wat kontrasteer met fopnuuswebtuistes. (1)

1.9 Fopnuus kan boonop 'n beduidende invloed hê op hoe lesers op plaaslike gebeure reageer.
Is hierdie stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (2)

1.10 Watter ernstige gevolge kan vals nuus in 'n verkiesing hê? Hoe behoort 'n verantwoordelike leier op te tree? (2)

1.11 Waarom is mense so goedgelowig as dit kom by dit wat hulle op sosiale medianetwerke lees? (3)

**VRAE: TEKS B**

1.12 Na watter wêreldleier word daar in die strokie verwys? (1)

1.13 Hoe sluit die eerste raampie van TEKS B aan by die inhoud van TEKS A (1)

1.14 Dink jy die gebruik van die skape in die strokie is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

1.15 Watter visuele aanduiding is daar dat "die seun" van sosiale medianetwerke gebruik maak? (1)

1.16 Hoe beeld die strokiesprenttekenaar die mense se moedeloosheid, in raampie 3, met al die leuens uit? (1)

1.17 Watter eufemisme (versagtende woorde of uitdrukkings) gebruik Jorik vir leuens? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ‘n opsomming van **SEWE maniere oor hoe ouers Generasie Z kan help.**

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Jou paragraaf moet samehangend geskryf word.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ‘n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C** **[10]**

**VIND LIG IN DIE DIGI-TONNEL**

Kinders wat lid is van die Z-generasie wil alles wat hulle sien en hoor self verken, ontleed en ondersoek, sê Annie Raman, kreatiewe direkteur van *The Fort Group in Johannesburg. Ouers moet jongmense laat voel hulle kan* enigiets vermag; anders kan hulle hul potensiaal belemmer, voeg sy by.

Moet ook nie soos ‘n helikopter-ouer heeltyd oor jou kind se kop hang en hul doen en late dophou of hulle voordurend vertel hoe oulik hulle is nie, maan Nadia Lerm, ‘n strateeg by Fusion Design. Anders gaan hulle daar buite sukkel om konstruktiewe kritiek te hanteer, ook in die werkplek.

“Laat jou kind toe om te droom,selfs al wil hy op vyf eendag ‘n plaas hê en dan weer op 10 in Duitsland karre ontwerp. Moenie sê: “Jy gaan nie geld maak nie.”Fantaseer saam”, sê Nadia. “Moedig hulle aan om goed te vaar op skool sodat hulle hul doel kan bereik.”

Generasie Z wil met ander saamwerk tot voordeel van soveel moontlik mense, sê Allison O’Keefe Wright, besturende direkteur van strategie by Open Mind Strategy. Hulle het ‘n kultuur van entrepreneurskap en wil produkte vervaardig of help vervaardig.

Ouers moet hul kinders nie in ‘n sekere rigting dwing, soos om vir die een of ander beroep te gaan studeer nie. Weens die tekort aan werksgeleenthede gaan die jonger geslag se enigste opsie heel moontlik wees om as entrepreneur met hul eie onderneming te begin.

Maar Generasie Z is ook meer sinies as vorige generasies weens alles wat hulle beleef het, meen Allison, soos terreur, die wêreldwye resessie en mense wat hul


**AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




## VRAE: TEKS D

3.1 Benoem die onderstreepte klank in : volstr<u>ui</u>s. (1)

3.2 Skryf die volgende sin in die ontkennende vorm : Bewys jou gesondheid 'n groot guns. (1)

3.3 Dis die <u>hart</u> van die partytjie. Maak 'n verklarende sin met die homofoon van <u>hart</u>. (1)

3.4 Wat is die funksie van die postmorfeem in die woord <u>volstruisie</u>? (1)

3.5 Spreek jou uit oor die geslaagdheid van die verwysings na die kleur blou, rooi en wit in die advertensie? (1)

3.6 Waarom is die imperatief/bevelsin "Skud jou feesvere reg!" treffend/gepas in die advertensie aangewend? (1)

3.7 Wat word geïmpliseer met die verwysing na volstruisvleis as die 'blou bloed' van die vleisfamilie? (1)

3.8 Watter woorde manipuleer die verbruiker om volstruisvleis te koop? (1)

3.9 Gee die meervoud van dieet. (1)

3.10 Brei die voorwerp van volgende sin uit met 'n byvoeglike bysin :
Ek stel belang in 'n dieet. (1)
[10]

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer TEKS E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS E



**VRAE: TEKS E**

4.1 Verdeel "bekommerd" (raampie 6) in klankgrepe. (1)

4.2 Gebuik die korrekte klemteken om die onderstreepte woord in raampie 1 te beklemtoon. (1)

4.3 Gee die ontbrekende voorsetsel in raampie 6 : Dr. Zook, ek is bekommerd ______ my seun. (1)

4.4 Lees die dokter se woorde in raampie 6. Daar ontbreek 'n leesteken in die sin. Skryf die sin korrek oor. (1)

4.5 Benoem die onderstreepte werkwoord in raampie 5. (1)

4.6 Skryf die bywoordelike bepaling van die uitroepsin in raampie 5 neer. (1)

4.7 Tot watter woordsoort behoort die onderstreepte woord in raampie 6? (1)

4.8 Dokters ________ die Hippokratiese Eed af. Gee die ontbrekende werkwoord. (1)

4.9 Gee 'n voorbeeld van die infinitiefvorm van die werkwoord in die strokie. (1)

4.10 Hoe word dokters in die strokie gestereotipeer? (1)
[10]

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Bestudeer TEKS F en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**DAAR IS 'N LUIPERD IN JOU HUIS**

**Suzanne Venter**

1 Jou kat het meer leeu of luiperd in hom as wat jy dink. Trouens, die enigste verskil tussen jou huiskat en sy bosfamilie is sowat 240kg.
"Huiskatte is net kleiner en natuurlik makker", sê Derek. Verder is hulle presies dieselfde. Hulle wil hul gebied en familie besit, hulle speel met hulle prooi, klim boom en krap met hulle naels.

2 Katte is net so territorial soos hulle wilde eweknieë. Hulle merk hulle gebied deur te urineer en hulle merk hulle familie deur teen hulle te skuur. Hy wil sy (reuk) aan jou afsmeer.

| | |
|---|---|
| 3 | Het jy al agtergekom dat jou kat veral in die aand en vroegoggend meer eet? Dit is omdat alle katte – mak en wild – se natuurlike jagtyd meestal rondom 02:00 is. |
| 4 | As katte nie jag nie, slaap hulle 80% van die tyd. Die rede daarvoor is dat baie katte intense energieontploffings <u>ervaar</u> wanneer hulle jag of (aktief) is en dan weer moet rus om te herstel. |
| 5 | Die eintlike rede vir die vervaardiging van die dokumentêr oor die ooreenkomste en verskille tussen huiskatte en groot katte is om mense met ander oë na wilde katte te laat kyk. |
| | [Aangepas uit Rapport, 5 Maart 2017] |

**VRAE: TEKS F**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Vorm deur middel van afleiding 'n selfstandige naamwoord van die onderstreepte woord in paragraaf 4 | (1) |
| 5.2 | Met watter ander leestekens kan die aandagstrepe in paragraaf 3 vervang word? | (1) |
| 5.3 | Skryf Derek se woorde in paragraaf 1 in die indirekte rede. | (1) |
| 5.4 | Benoem die onderstreepte voornaamwoord in paragraaf 1. | (1) |
| 5.5 | Skryf die afkorting wat in paragraaf 1 gebruik word uit. | (1) |
| 5.6 | Lei uit die konteks van die artikel af wie katte se eweknieë (paragraaf 2) is. | (1) |
| 5.7 | Maak 'n sin met die homoniem van die onderstreepte woord in paragraaf 2 . | (1) |
| 5.8 | Wat is die stam/basisvorm van die woord in hakies (paragraaf2)? | (1) |
| 5.9 | Gee 'n antoniem vir die woord in hakies (paragraaf 4) | (1) |
| 5.10 | Watter klankverskynsel kom voor by die uitspreek van "wilde" (paragraaf 5) | (1) |
| | | [10] |

**TOTAAL AFDELING C : 30**
**GROOTTOTAAL : 70**